Die WKKK gee erkenning aan die leiding van die Minister en die departement en is verbind tot medewerking en die deel van nuwe, innoverende idees waarby alle inwoners van die Wes-Kaap baat kan vind.



Quahnita Samie

Voorsitter: Wes-Kaapse Kultuurkommissie

Namens die Rekenpligtige Gesag van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie

Amptelike aftekening

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- onder leiding van die Minister deur die bestuur van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie opgestel is.
- alle tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Wes-Kaapse Kultuurkommissie verantwoordelik is, in ag neem.
- 'n akkurate weergawe is van die impak, uitkomste en uitsette wat die Wes-Kaapse Kultuurkommissie sal poog om gedurende die 2023/24-boekjaar te bereik. .

Brenda Rutgers:
Hoof- Finansiële Beampte



Quahnita Samie
Voorsitter: WKKK



Guy Redman:
Rekenpligtige Beampte: DKES



Rekenpligtige Beampte: DKES:
Anroux Marais:
Uitvoerende Gesag van die WKKK



Deel A: Ons mandaat

1.	Deel A: Ons mandaat	6
2.	Wetgewende en beleidsmandate	7
3.	Institusionele beleide en strategieë oor die vyfjaar-beplanningstydperk	8
3.1	Tersaaklike hofbeslissings	10

Deel B: Ons strategiese fokus

4.	Situasie-ontleding	11
4.1	Ontleding van eksterne omgewing	11
4.2	Ontleding van interne omgewing	12

Deel C: Meting van ons prestasie

5.	Institusionele programprestasie-inligting	14
6.	Uiteensetting van beplande prestasie oor die medium termyn	15
7.	Program se hulpbronnorewegings	16
8.	Bygewerkte hoofrisiko's	17
9.	Infrastruktuurprojekte	17
10.	Openbare-private vennootskappe	17

Deel D: Beskrywing van tegniese aanwyser (BTA) 18**Bylaes van die Jaarlikse Prestasieplan 22**

Akronieme

BGSEB	Breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging
BTA	Beskrywing van tegniese aanwyser
DGV	Departement van Gemeenskapsveiligheid
DKES	Departement van Kultuursake en Sport
D: ORB	Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur, Departement van die Premier
DSKK	Departement van Sport, Kuns en Kultuur
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
EKPVS	Elektroniese kwartaallikse prestasieverslagdoeningstelsel
GBBP	Gebruikerbatedbestuursplan
HFB	Hoof- Finansiële Beamppte
LUR	Lid van [Provinsiale] Uitvoerende Raad (provinsiale Minister)
MTUR	Mediumtermynuitgaweraamwerk
NKR	Nasionale Kunsteraad
NTR	Nasionale Tesourieregulasies
OGSA	Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika
OIB	Ondernemingsinhoudbestuur
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBekom	Ondernemingsrisikobestuur-en-etiekkomitee
PTI	Provinsiale Tesourie-instruksies
RBPI	Raamwerk vir die bestuur van programprestasie-inligting
RG	Rekenpligtige Gesag
UOWP	Uitgebreide openbarewerkeprogram
VGP	Visie-geïnspireerde Prioriteit
WBPI	Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
WOO	Wet op Openbare Oudit

Deel A: Ons mandaat

1. Grondwetlike mandaat

Afdeling	Direkte verantwoordelikheid van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 30: Taal en kultuur	Die WKKK fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om deur middel van die aanbieding en ondersteuning van programme en projekte hul taal- en kultuurregte uit te oefen.
Artikel 31: Kultuur-, geloofs- en taalgemeenskappe	Die WKKK moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit van die Wes-Kaapse bevolking respekteer.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregerings-betrekkinge	Die WKKK werk saam met alle vlakke van die regering om sy mandaat uit te voer.
Bylae 4: Funksionele gebiede van samelopende nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	Kultuuraangeleenthede: Die WKKK werk nou saam met die Departement van Sport, Kuns en Kultuur en verwante staatsorgane ten opsigte van samelopende kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede.
Artikel 81	Die WKKK moet beleide aktief aanneem en implementeer om die welstand van die mense van die Wes-Kaap te bevorder en te handhaaf, insluitende beleide wat daarop gemik is om die volgende te bereik: - die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, geloofs- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en - die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. Die WKKK verseker dat die DKES in die kulturele behoeftes van gemeenskappe in die Wes-Kaap voorsien, soos deur wetgewing voorgeskryf.
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer	Amptenare van die Departement van Kultuursake en Sport moet die bepalinge van artikel 195 nakom; dit bevat 'n beskrywing van die demokratiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer. Artikel 195(1) (b) bepaal die bevordering van die doeltreffende, ekonomiese en doelmatige benutting van hulpbronne. Dit impliseer dat programme wat in die openbare sektor onderneem word, die maksimum voordele teen die laagste koste moontlik moet lewer.
Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 (Wet 1 van 1998)	
Artikel 70	Provinsiale wetgewing moet binne die beskikbare hulpbronne van die Wes-Kaapse Regering voorsiening maak vir die instelling en redelike finansiering van 'n kultuurraad of -rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die provinsie wat 'n algemene kultuur- en taalerfenis deel. Registrasie van en ondersteuning aan kultuurrade: Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is verantwoordelik vir die registrasie en ondersteuning van geregistreerde kultuurrade. Die DKES hou toesig oor die WKKK en voorsien administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie.

2. Wetgewende en beleidsmandate

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is deur die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998 (Wet 14 van 1998) ingestel. Die WKKK is op 1 Junie 2001 as 'n Bylae 3-, Deel C- provinsiale openbare entiteit gelys ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999).

Die WKKK funksioneer binne die wetgewende en beleidsmandate wat in die volgende tabel uiteengesit word.

Wetgewing	Verwysing	Hoofverantwoordelikhede van die WKKK
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Die WKKK dien kwartaallikse en jaarlikse verslae in oor sy prestasielewering en geouditeerde finansiële state wat op die jaarlikse teikens van strategiese doelwitte vir elke boekjaar gegrond is.
Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998	Wet 14 van 1998	Die oogmerke van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is om kultuur in die Wes-Kaap te bewaar, bevorder en ontwikkel volgens 'n beleid wat deur die LUR (lid van die [provinsiale] Uitvoerende Komitee) bepaal word. Die mandaat van die WKKK is om die LUR te adviseer oor die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.
Wet op Tradisionele en Khoi-San-Leierskap, 2019	Wet 3 van 2019	Die hoofdoelwitte van die Wet is: Die bepaling van die erkenning van Khoi-San-leierskap; die konsolidering van die "National House of Traditional Leaders Act, 2009" en die "Traditional Leadership and Governance Framework Act, 2003"; om aan sekere beperkings in die bestaande wetgewing aandag te skenk; om gevolglike wysigings aan ander wette aan te bring.
Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet: • bepaal die reëls en riglyne wat administrateurs tydens besluitneming moet nakom; • vereis dat administrateurs mense meedeel oor hulle reg op hersiening of appèl en hul reg om redes daarvoor te versoek; • vereis dat administrateurs redes vir hul besluite verskaf; en • gee aan lede van die publiek die reg om besluite van administrateurs in die hof uit te daag.
Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie Wet gee uitvoering aan die reg om toegang te verkry tot rekords wat deur die staat, regeringsinstellings en private liggame gehou word. Die entiteit moet onder meer: • 'n handleiding opstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek in te dien om toegang te verkry tot inligting wat daardie entiteit hou; • 'n inligtingsbeampte aanstel om aansoeke om inligting wat die entiteit hou, te oorweeg.
Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting	Wet 4 van 2013	Die Wet bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggame verwerk word; en stel sekere voorwaardes om minimum vereistes vir die verwerking van persoonlike inligting te vestig. Verder bepaal die Wet die instelling van 'n Inligtingsreguleerder om sekere bevoegdhede uit te oefen en om sekere pligte en funksies ingevolge hierdie Wet en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, uit te voer. Die Wet bepaal ook die uitreiking van gedragskodes; die regte van persone ten opsigte van ongevraagde elektroniese kommunikasie en geoutomatiseerde besluitneming; om die vloei van persoonlike inligting oor grense van die Republiek te reguleer; en aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wetgewing	Verwysing	Hoofverantwoordelikhede van die WKKK
Wet op Gebruiklike Inisiasie	Wet 2 van 2021	Die Wet bepaal die doeltreffende regulering van gebruiklike inisiasiepraktyke; die instelling van 'n Nasionale Inisiasie-oorsigkomitee en Provinsiale Inisiasiekoördineringskomitees en hulle funksies; die verantwoordelikhede, rolle en funksies van die verskillende rolspelers wat as sodanig by inisiasiepraktyke of die beheeraspekte daarvan betrokke is; die doeltreffende regulering van inisiasieskole; regulatoriese bevoegdheide van die Minister en Premiers; die monitering van die implementering van hierdie Wet; provinsiale kenmerkende eienskappe; en aangeleenthede wat daarmee in verband staan.
Hersiene Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis	2018	Die hersiene Witskrif is in 2018 deur die Kabinet goedgekeur na afloop van 'n sosio-ekonomiese impakbepaling wat deur die Suid-Afrikaanse Kultuurobservatorium uitgevoer is. Dit gee 'n uiteensetting van die beleidsdoelwitte, ondersteun deur die strategiese waarde van kuns, kultuur en erfenis. Dit stel 'n naatlose integrasie voor van die NOP en die Strategie oor Maatskaplike Samehang en Nasiebou wat die visie en strategiese doelwitte van die DKES inlig.

3. Institusionele beleide en strategieë oor die vyfjaarbeplanningstydperk

Beleide wat 'n doeltreffende en effektiewe kontantbestuurstelsel ondersteun en werksaamhede rig word in die tabel hieronder aangedui.


Beleid	Beskrywing
Gedragkode vir lede van die WKKK	Die hoofdoel van die kode is om voorbeeldige gedrag onder lede te bevorder om institusionele geloofwaardigheid aan die WKKK te verleen.
Beleid oor die registrasie en deregistrasie van kultuurrade	Hierdie beleid bepaal die registrasie van kultuurrade vir die verteenwoordiging van mense wat 'n gemeenskaplike kultuur- of taalerfenis deel. Dit gee uitvoering aan die beginsel om kulturele diversiteit in die Wes-Kaap en Suid-Afrika in die geheel te respekteer, koester, handhaaf en bewaar. Die beleid stel die WKKK in staat om kultuurrade te deregistreer wanneer daar goeie redes voor bestaan.
Beleid oor die benutting van kultuurfasiliteite	Dié beleid voorsien 'n raamwerk waarbinne die Rekenpligtige Gesag van die WKKK inkomste ekonomies en doeltreffend moet bestuur, en bevorder die volle benutting van bates onder die kommissie se beheer.
WKKK-delegasies	Delegasies van bevoegdheid uitgereik deur die Rekenpligtige Beampte ingevolge artikel 44(1) en 44(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999.
Raamwerk vir wesenlikheid	Daar word van die Rekenpligtige Gesag verwag om 'n raamwerk vir aanvaarbare vlakke van wesenlikheid en belang te ontwikkel en met die Uitvoerende Gesag, in oorleg met eksterne ouditeurs, ooreen te kom.
Bedrogvoorkomingsplan	Hierdie plan verskaf responsiewe meganismes vir die aanmelding, ondersoek en oplossing van voorvalle van bedrog wat 'n impak op die WKKK het.
Debiteurebestuur	Die Rekenpligtige Gesag moet debiteure vir die benutting van kultuurfasiliteite beheer.
Vergoeding van lede	Die fasilitering van betaling aan lede van die WKKK wat benoem is om konferensies, projekte, vergaderings en werksinkels namens die kommissie by te woon.
Beleid oor personeelbehuising	Verskaf riglyne vir die bewoning en toekenning van staatsbehuising wat gebruik word deur personeel wat by die DKES se kultuurfasiliteite in diens is.

Die strategiese doelwitte van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie stem ooreen met die Nasionale Ontwikkelingsplan en die prioriteite soos vervat in die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk. Die kommissie se aktiwiteite voldoen aan die Visie-geïnspireerde Prioriteite (VIP'e) en stem ooreen met die Provinsiale Strategiese Prioriteite (PSP) van die Wes-Kaapse Regering, naamlik veilige en samehorige gemeenskappe.


Verder stem die Verenigde Nasies se 17 volhoubare ontwikkelingsdoelwitte (niebindende, wêreldwye doelwitte) soos volg ooreen met die Nasionale Ontwikkelingsplan en Provinsiale Strategiese Plan:



Volgens die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) het die regering ten doel om die huidige hoë werkloosheidsyfer asook die lae vlak van geletterdheid in die land te verminder.



Die herstelplan is gedurende die tweede jaar van die vyfjaarplan ontwikkel na aanleiding van die uitbraak van die pandemie en die impak op individue en gemeenskappe. Die plan het drie prioriteite wat uit die VIP'e voortspruit, naamlik werksgeleenthede, veiligheid en welstand. Hierdie prioriteite bly die middelpunt van die provinsiale strategie en lê die grondslag vir ekonomiese groei en armoedeverligting in die provinsie.



Die WKKK sal volgens sy mandaat poog om inisiatiewe te ondersteun wat die versterking van positiewe gedrag en die bevordering van maatskaplike insluiting en welstand ten doel het, en om 'n gevoel van trots en geloof te bou in die vermoë van die mensdom om ten spyte van teëspoed sukses te behaal. Die WKKK sal in hierdie boekjaar nege geregistreerde kultuurrade ondersteun om te verseker dat die inheemse kunsvorme, tradisies en praktyke in die provinsie gekoester asook bewaar word. Die kommissie poog om kulturele diversiteit te bevorder en streef daarna om 'n gevoel van samehorigheid onder die jeug in te prent deur hierdie bevestigende gebeure te ondersteun.

Die openbare entiteit stel die sewe kultuurfasiliteite beskikbaar aan die skeppende en kulturele sektore en gemeenskapsorganisasies vir die benutting van verskillende aktiwiteite wat tot die welstand van kwesbare persone bydra. Die bou van netwerke en blootstelling van die jeug aan aktiwiteite en gebeurtenisse word aangemoedig om maatskaplike samehang te versterk en tot loopbaansukses by te dra.

Die fasiliteite genereer tans nie genoeg inkomste vir die volhoubaarheid van bedrywighede en instandhouding van die geboue in die afsienbare toekoms nie. Verder word die optimale benutting van die gronde en fasiliteite as gevolg van begrotingsbeperkings onderdruk.

Dit het aanleiding gegee tot die ondersoek van 'n evaluering van die huidige bedrywighede en benutting om 'n sakemodel te ontwikkel vir die optimale benutting van die ruimte, asook om die vooruitsigte en potensiaal van die fasiliteite te ondersoek. Hierdie proses het begin en die uitvoerbaarheidstudie sal na verwagting die moontlikhede en innoverende opsies uiteensit wat die WKKK oor die volgende MTUR-tydperk kan verken.

Die WKKK sal deur die loop van die jaar vorentoe innoverend wees en sy beskikbare hulpbronne optimaal aanwend. Medewerking met befondsde kultuurorganisasies en die burgerlike samelewing sal verder nagestreef word om welstand te bevorder en geleenthede te skep om produktiewe burgers te word.

3.1 Tersaaklike hofbeslissings

N.v.t.

Deel B: Ons strategiese fokus

4. Situasië-ontleding

4.1 Ontleding van die eksterne omgewing

Ten einde doeltreffend te beplan en te innoveer, moet die WKKK kennis neem van die realiteite om sy planne en begrotings te herposisioneer in reaksie op die veranderinge waarvoor hy te staan kom. Die WKKK is verbind tot die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap. Die kommissie sal begin om sy strategieë en praktyke te hersien om die optimale benutting van hulpbronne met sinvolle opbrengste op finansiële en menslike investering te verseker. Die JPP is gegrond op die regering se prioriteite soos uiteengesit in die MTSR en streef na die bereiking van die aspirasies van Visie 2030.

POLITIEK

Die aanvaarding van diversiteit en die aanmoediging van maatskaplike samehang is van die grootste belang in tye van onsekerheid. Die 34 geregistreerde kultuurrade speel 'n deurslaggewende rol om verhoudinge te versterk en om interaksie tussen generasies en uiteenlopende kulturele groeperings aan te moedig. Die kommissie sal gedurende die boekjaar die beleid oor registrasie en deregistrasie en die befondsingsmodel vir kultuurrade hersien.

OMGEWING

Die uitwerking van klimaatsverandering kan nie geïgnoreer word nie, aangesien die uitputting van natuurlike hulpbronne ons lewensbestaan en werksaamhede sal beïnvloed. Wêreldwye klimaatsverandering verplig die WKKK om voortdurend geskikte omgewingsbeskerming te verseker deur proaktief vir water- en energiesekuriteit by die kultuurfasiliteite te beplan. Hierdie energiebesparingsmaatreëls behels onder meer die installering van sonpanele om die gebruik van elektrisiteit te verminder. Gasstowe is by die fasiliteite geïnstalleer en die fokus is op die installering van wateropgaartenke wat 'n tweeledige doel sal dien, naamlik die opvangs van reënwater en gryswater as deel van 'n geïnkorporeerde opvangbestuursplan.

MAATSKAPLIK

Die veranderinge in die maatskaplike omgewing stel groter eise aan die veiligheid en sekuriteit van die kliënte wat die fasiliteite gebruik. Die veiligheid van personeel wat personeelbehuising op die perseel bewoon, asook die beskerming van die geboue en die inhoud daarvan moet verseker word. Die Provinsiale Strategiese Plan 2020-2025 beskryf hoe Wes-Kaapse gemeenskappe steeds direk en indirek deur misdaad geraak word. Die toename in misdaad-aktiwiteite soos diefstal, stropery en vandalisme by die fasiliteite noodsaak die installering van meer gesofistikeerde sekuriteitsmaatreëls om die risiko te verminder. Die WKKK sal sorg dat die fasiliteite toeganklik is vir gemeenskappe as veilige ruimtes vir die aanbieding van programme wat maatskaplike samehang bou en die ontwikkeling van rolmodelle bevorder.

TEGNOLOGIE

Sosialemediaplatforms sal benut word om sowel die openbare entiteit as die sewe kultuur-fasiliteite optimaal te bemark. Die dienste van die kommissie sal meer aggressief bemark word om 'n breër spektrum kliënte na die webwerf en aanlyn besprekingstelsel te lok. Wi-Fi is operasioneel by sommige van die fasiliteite wat kommunikasie en die reaksietyd verbeter om dienslewering te versterk. Dit sal gedurende die boekjaar na ander fasiliteite uitgerol word. Die WKKK-sekretariaat gebruik elektroniese platforms vir skakeling en sterker kommunikasie, en vir die berging van inligting en lêers van die kommissie. Dit verseker die veilige bewaring van inligting vir die doel van kennisbestuur en oorsigbestuur.

EKONOMIE

Nuwe inisiatiewe en vennootskappe met ander regeringsdepartemente en -entiteite word ondersoek om die inkomste van die fasiliteite te probeer aanvul. Die WKKK sal daarop fokus om samewerking met betrokke munisipaliteite en inisiatiewe van die maatskaplike sektor te versterk ten einde hulpbronne vir groter impak te bekom. Die Uitgebreide Openbare- werkeprogram is een van die regering se medium- tot langtermynstrategieë wat daarop gemik is om werksgeleenthede te skep. Die UOWP het ten doel om die erns van die ekonomiese swaarkry van deernishuishoudings te verlig. Die kommissie het by die fasiliteite aan begunstigdes van die UOWP werkruimte voorsien sodat hulle

vaardighede kan aanleer wat hulle meer bemarkbaar in die werkmark sal maak. Die langtermynvisie is dat werklose mense permanente geleenthede in die werkmark kry en aktief tot die ekonomie van die land bydra.

WETGEWING

Daar is begin met 'n proses van Regulatoriese Impakevaluering om die wetgewing wat die WKKK reguleer, te hersien. Dit sal verseker dat die mandaat van die WKKK doelgerig toegepas word om dienslewering te verbeter. Die Wet op Gebruiklike Inisiasie bepaal die doeltreffende regulering van gebruiklike inisiasiepraktyke. Dit bepaal ook die instelling van die Provinsiale Inisiasiekoördineringskomitee en sy funksies, en rig die Inisiasiekomitee met raadgewing aan die departement via die Minister oor die verantwoordelikhede, rolle en funksies van die verskillende rolspelers wat by inisiasiepraktyke betrokke is.

4.2 Ontleding van die interne omgewing


Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is saamgestel ingevolge die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, Wet 14 van 1998. Die WKKK is 'n statutêre liggaam en lewer via die LUR advies aan die departement oor aangeleenthede wat met die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te make het.

Die huidige kommissie wat uit 14 lede bestaan, is op 1 Maart 2022 aangestel. Die WKKK bestaan uit drie komitees, naamlik die Kultuurraad, Kultuurfasiliteitekomitees en die Inisiasie-verwysingskomitee. Die administrasie van die WKKK berus by die Departement van Kultuursake en Sport en word deur die sekretariaat bestuur. 'n Lid van die WKKK dien as die Wes-Kaapse verteenwoordiger op die direksie van die Nasionale Kunsteraad (NKR) – aangestel deur die Wes-Kaapse Provinsiale Minister van Kultuursake en Sport. Die lid speel 'n raadgewende en toesighoudende rol om 'n oop, billike en deursigtige proses te verseker sodat individue en NRO's regoor die land gelyke geleenthede geniet om vir finansiële ondersteuning deur die regering oorweeg te word.

Die kommissie poog om ondersteuning te bied om die institusionele kapasiteit van die inisiasieforums en die kultuurrade te versterk.

ORGANISATORIESE OMGEWING

The entity's organogram is reflected below:



Deel C: Meting van ons prestasie

5. Institusionele programprestasie-inligting

Program: Wes-Kaapse Kultuurkommissie

Doel: Die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kuns en kultuur.

Die kommissie dra in oorleg met sy belanghebbendes by tot die bevordering van maatskaplike welstand deur die verskaffing van die kultuurfasiliteite waartoe toegang deur 'n aanlyn besprekingstelsel verkry kan word. Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie verseker dat inwoners van die provinsie gelyke geleenthede het om die rustige omgewing wat die kultuurfasiliteite bied, te geniet. Verskeie kliënte gebruik die fasiliteite vir die aanbidding van hul programme in kuns, kultuur, sport en lewensvaardighede wat tot die welstand van deelnemers bydra.

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie gee gehoor aan globale kwessies en plaaslike uitdagings wat die inwoners van die Wes-Kaap beïnvloed. Die kommissie ondersteun interregeringsverhoudinge en werk in oorleg met die Departement van Vervoer en Openbare Werke aan instandhouding en infrastrukturele ontwikkeling by die fasiliteite. 'n Uitvoerbaarheidstudie is aangevra met die hoofdoel om vas te stel watter potensiaal die fasiliteite het om nuwe kliënte te lok en om die gebruik van die fasiliteite uit te brei om moontlike inkomstestrome te verhoog. Die doel is om die aanbevelings van die studie by die twee fasiliteite, naamlik Melkbos Oppiesee en Schoemanspoort vir 'n tydperk te implementeer om die impak daarvan te bepaal. Dit sal leiding verskaf oor hoe die beplanning- en begrotingsproses oor die langtermyn sal ontvou.

Nege kultuurrade sal ondersteun word om hul programme binne gemeenskappe uit te voer, en die beleid oor registrasie en deregistrasie sal hersien word om dit met die prioriteite van die regering in ooreenstemming te bring. Verder sal die beleid oor die benutting van kultuur-fasiliteite hersien word om vir die rolprent- en reklamebedryf voorsiening te maak, aangesien versoeke uit hierdie sektor toegeneem het.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Uiteen- lopende kultuur- aktiwiteite binne gemeen- skappe	Oordrag- betalings aan geregi- streerde kultuurrade	Getal geregistreeerde kultuurrade wat deur oordrag- betalings ondersteun is	5	7	7	7	9	9	9
Kultuur- fasiliteite wat goed in stand gehou en veilig is	Implemen- tering van goed- gekeurde instand- houdings- plan	Aantal fasiliteite opgegradeer of in stand gehou om geskiktheid vir en veiligheid van gebruikers te verseker	7	7	7	7	7	7	7
Optimale benutting van die kultuur- fasiliteite	Benutting van fasiliteite	Getal gebruikers wat toegang tot die kultuur- fasiliteite kry	*1522	171	2401	5995	**6595	**7254	**7 979

* 50% afname weens die COVID-19-regulasies

** Neem met 10% per jaar toe

Uitsetaanwysers		Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
1.1	Getal geregistreerde kultuurrade wat deur oordragbetalings ondersteun word	9	-	4	4	1
1.2	Getal fasiliteite opgegradeer of in stand gehou om geskiktheid vir en veiligheid van gebruikers te verseker	7	-	-	-	7
1.3	Getal gebruikers wat toegang tot die kultuurfasiliteite kry	**6595	-	-	-	**6595

** Neem met 10% per jaar toe

6. Uiteensetting van beplande prestasie oor die medium termyn

Die WKKK streef daarna om deur sy programme en dienste te verseker dat daar interaksie tussen diverse gemeenskappe is en dat hulle aan betekenisvolle aktiwiteite deelneem om maatskaplike samehang te bevorder en veiliger en meer samehorige gemeenskappe te verseker. Deur die bevordering van gemarginaliseerde en inheemse tale en tradisies, sorg die kultuurrade dat die tradisionele praktyke behoue bly vir toekomstige geslagte om te handhaaf. Die entiteit moedig netwerkvorming en samewerkingsprogramme tussen die geregistreerde kultuurrade aan om maatskaplike samehang binne en onder gemeenskappe te bevorder.

Dit het noodsaaklik geword om die huidige inkomstepatrone, struktuur, benutting en doel van die kultuurfasiliteite te herevalueer. Daar is erkenning vir die feit dat die fasiliteite die potensiaal het om die welstand van die samelewing verder te bevorder, en dit is dus ondersoek en stappe is gedoen. Daar is begin met die proses om 'n uitvoerbaarheidstudie vir die hermodellering van die twee fasiliteite te doen. Dit sal as riglyn dien vir die proses om vas te stel hoe die fasiliteit optimaal benut kan word om inkomste te verhoog en terselfdertyd die mandaat van die WKKK na te kom. Indien die modelle vir beste praktyk as geslaagd vir die optimalisering van inkomstestrome bewys word, sal dit mettertyd by die ander kultuurfasiliteite ingestel word, waar moontlik. Die beleid oor die benutting van kultuurfasiliteite sal hersien en bygewerk word om enige veranderinge in te sluit.

Die medewerking met die Departement van Vervoer en Openbare Werke en ander vennote sal voortgaan, aangesien dit tot die uitbreiding van die kultuurfasiliteite vir uiteenlopende aktiwiteite bydra.

7. Program se hulpbronnorewegings

Begrotingstoewysing vir entiteit volgens die GNU en/of GPIU

Rekonsiliasie van prestasietekens met die begroting en MTUR

Beraamde uitgawes

Program	Geouditeerde uitkoms			Uitgawe-beraming	Mediumtermyn uitgawe-beraming		
R duisend	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Wes-Kaapse Kultuurkommissie	3650	2276	1624	2730	2749	2805	2892
Subtotaal	3650	2276	1624	2730	2749	2805	2892
Direkte heffings teen die Nasionale Inkomstefonds	-	-	-	-	-	-	-
Totaal	4 803	3 650	2 276	2 700	2 730	3 337	3458
Ekonomiese klassifikasie							
Lopende betalings	4 653	3560	2082	2490	2520	3127	3248
Vergoeding van werknemers							
Goedere en dienste waarvan:							
Kommunikasie		1		15	10	10	10
Rekenaardienste	20	22	24	30	30	31	32
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	96	33	52	74	119	130	136
Voorraad							
Instandhouding, herstelwerk en lopende koste							
Bedryfsbruikhuur							
Reis en verblyf	44	-	19	51	62	65	68
Ouditgelde	63	69	67	85	66	64	67
Advertensies							
Ander	3337	1957	1252	2265	2102	2145	2219
Rente en huurgeld op grond							
Finansiële transaksies in bates en laste							
Oordragte en subsidies aan:	150	90	194	210	210	210	210
Provinsies en munisipaliteite							
Departementele agentskappe en rekeninge							
Universiteite en universiteite van tegnologie							
Openbare korporasies en privaat ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instansies sonder winsbejag	90	194	210	210	360	360	360
Huishoudings							
Betalings vir kapitaalbates	-	-	-	-	-	-	-
Geboue en ander vaste strukture							
Masjinerie en toerusting							
Bewerkte bates							
Sagteware en ander onontasbare bates							
Grond en ondergrondse bates waarvan: Gekapitaliseerde vergoeding							
Totaal	3650	2276	1620	2730	2749	2805	2892

Die totale begrotingstoewysing vir die werksaamhede van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie is R2 749 000 vir die 2023/24-boekjaar. Die bedryfsbegroting van R655 000 word deur die departement vir die kommissie toegewys om die mandaat uit te voer wat in die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade van 1998 bepaal word. Dit sluit 'n toewysing van R360 000 in vir die ondersteuning wat die kommissie aan die geregistreerde kultuurrade bied om kultuurpraktyke en -tradisies te ontwikkel, te bevorder en te bewaar.

8. Bygewerkte hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikoversagting
Optimale benutting van die kultuur-fasiliteite	Onvoldoende huurinkomste om die uitgawes vir die instandhouding van die fasiliteite te dek. Impak: Onvermoë om fasiliteite te onderhou en uit te brei.	- Die beleid oor die benutting van kultuurfasiliteite is gewysig en geïmplementeer, in lyn met die aanlyn besprekingstelsel. Dit behels onder meer prysbepaling en opsies vir huur, terugbetaalbare deposito's, ens. - Fasiliteite is vir dubbele gebruiksdoeleindes oopgestel (bv. Melkbos Oppiesee, Groot Drakenstein, Okkie Jooste) - Fasiliteite is in raadsale omskep (ingefaseerde benadering en twee persele is bekendgestel, naamlik Melkbos Oppiesee en Groot Drakenstein) 'n Elektroniese besprekingstelsel is geïmplementeer en dit verskaf rou data wat help met die bestuur en ontleding van benutting. Toegang tot besprekingsinligting aan potensiële kliënte. - Die instandhouding van fasiliteite word deur die Wes-Kaapse Kultuurkommissie beplan, begroot, uitgevoer en gemonitor. - Rekordhouding en monitering van besprekings wat voorsiening maak vir gebruiksontleiding om besluite oor tariewe, benuttingsbeleid, ens. te rig. - Verskeie bemakingstrategieë (bv. brosjures en advertensies) wat gebruik word om gebruikers te lok. Dit kan gemonitor word deur toenemende belangstelling en aanvraag te meet.

9. Infrastruktuursprojekte

Die kommissie dien jaarliks hul versoeke om opgradering via die Gebruikerbatebestuursplan (GBBP) in vir oorweging deur die DVOW. Die opgraderings by die sewe kultuurfasiliteite vind plaas in oorleg met die Departement van Vervoer en Openbare Werke wat jaarliks met die Wes-Kaapse Kultuurkommissie vergader om die betrokke infrastruktuurprojekte volgens die beskikbare begroting identifiseer.

Nr.	Projek-naam	Program	Projek-beskrywing	Uitsette	Aanvangs-datum van projek	Voltooiings-datum van projek	Totale beraamde koste	Lopende besteding
1.	Groot Drakenstein-kultuur-fasiliteit	Opgradering van infra-struktuur	Vervang bestaande bouvallige heining met 'n nuwe sekuriteits-heining	Veiligheid en sekuriteit sal versterk word	Mei 2023	2023/24	R3 600 000	N.v.t.
2.	Okkie Jooste-kultuur-fasiliteit	Opgradering van infra-struktuur	Opknapping van die asbesdak en geute	Die voorkoms van die geriewe sal verbeter en sal aan die OHASA-regulasie voldoen	Mei 2023	2023/24	R2 500 000	N.v.t.

10. Openbare-Private Vennootskappe

PPV	Doel	Uitsette	Huidige waarde van ooreenkoms	Einddatum van ooreenkoms
N.v.t.				

Deel D: Beskrywing van tegniese aanwyser (BTA)

Die prestasie van die entiteit word kwartaalliks geëvalueer en stem ooreen met die bewys-raamwerk. Die eenheid Monitoring en Evaluering binne die departement verifieer die prestasie van die kommissie, soos gestipuleer in die JPP, deur middel van die bewyse wat kwartaalliks ingedien word. Die bewyse word volgens die goedgekeurde bewysraamwerk van die openbare entiteit geëvalueer en geverifieer. Verder word die kwartaallike prestasie van die entiteit elektronies via die nasionale EKPVS-stelsel aangeteken en intern geverifieer.

Aanwysernommer	1.1
Aanwysertitel	Getal geregistreerde kultuurrade wat deur oordragbetalings ondersteun is
Kort omskrywing	Om finansiële ondersteuning aan geregistreerde kultuurrade te bied.
Doel	Om gemeenskappe in staat te stel om toegang tot kennis en inligting te verkry en om samehorige gemeenskappe te bevorder
Hoofbegunstigdes	Kultuurrade en lede van die publiek
Databron	Voorlegging, TPA's, betalingsbewyse
Databeperkings	N.v.t.
Aannames	Voldoende finansiële en menslike hulpbronne
Wyse van verifiëring	Verslae en betalingsbewyse
Metode van berekening	Telling van getal oordragbetalings
Tipe berekening	☐ Kumulatief ☐ Jaareinde ☐ Jaar tot op hede ☒ Niekumulatief
Verslagdoeningsiklus	☒ Kwartaalliks ☐ Halfjaarliks ☐ Jaarliks ☐ Tweejaarliks
Gewenste prestasie	☐ Hoër as teiken ☒ Op teiken ☐ Laer as teiken
Tipe aanwyser	Is dit 'n diensleweringsaanwyser? Is dit 'n diensleweringsaanwyser?
	☐ NEE ☒ JA, direkte dienslewering
	Indien wel, bevestig die prioriteitsgebied(e) wat verbeter sal word deur die lewerbare uitset wat deur hierdie aanwyser gemeet word:
	☒ Burgers se behoeftes ☐ Betroubaardheid ☐ Responsiwiteit ☐ Integriteit
	Is dit 'n vraaggedrewe aanwyser?
	☒ JA ☐ NEE
Verantwoordelik vir aanwyser	Is dit 'n gestandaardiseerde aanwyser?
	☒ JA ☐ NEE
	Getal liggings:
	☐ Enkele ligging ☒ Verskeie liggings ☐ Provinsie ☐ Distrik ☒ Plaaslike munisipaliteit ☐ Wyk ☐ Adres
Verantwoordelik vir aanwyser	Besonderhede / adres / koördinate:
	Verskeie leweringliggings sal in die Jaarlikse Bedryfsplan (JBP) aangedui word.
Verantwoordelik vir aanwyser	☒ JA ☐ NEE
	Verantwoordelike bestuurder
Ruimtelike transformasie	Prioriteite van ruimtelike transformasie: Beskrywing van ruimtelike impak: Bewaar kulturele tradisies van gemeenskappe

Disaggregasie van begunstigdes – menseregte groepe	Teiken vir vroue: N.v.t. Teiken vir jeugdige: N.v.t. Teiken vir persone met gestremdhede: N.v.t. Teiken vir ouer persone: N.v.t. ☐ Nie een van die bogenoemde nie
Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP)	☐ Werksgeleenthede ☐ Veiligheid ☒ Welstand ☐ Innovasie, kultuur en oorsigbestuur ☐ Nie een van die bogenoemde nie
Ramptoeestand	☐ JA ☒ NEE
Implementeringsdata – JBP (belangrikste lewerbare uitsette gemeet)	Volgens die jaarlikse bedryfsplan

Aanwysernommer	1.2
Aanwysertitel	Getal fasiliteite opgegradeer of in stand gehou om geskiktheid vir en veiligheid van gebruikers te verseker
Kort omskrywing	Om fasiliteite volgens aanvaarbare standaarde in stand te hou om in kliënte se behoeftes te voorsien en gebruikers se veiligheid te verseker.
Doel	Om fasiliteite te voorsien wat inwoners vir programme/inisiatiewe kan gebruik wat nuwe waardes en waardering inspireer en tot 'n afname in maatskaplike ewels bydra.
Hoofbegunstigdes	Gebruikers
Databron	Instandhoudingsplan
Databeperkings	Benutting van fasiliteite
Aannames	Fasiliteite wat benut word
Wyse van verifiëring	Instandhoudingsplan en begroting
Metode van berekening	Fakture en kontrakte
Tipe berekening	☐ Kumulatief ☐ Jaareinde ☐ Jaar tot op hede ☒ Niekumulatief
Verslagdoeningsiklus	☐ Kwartaalliks ☐ Halfjaarlik ☒ Jaarliks ☐ Tweejaarlik
Gewenste prestasie	☐ Hoër as teiken ☒ Op teiken ☐ Laer as teiken
Tipe aanwyser	Is dit 'n diensleweringaanwyser? Is dit 'n diensleweringaanwyser? ☐ NEE ☒ JA, direkte dienslewering
	Indien wel, bevestig die prioriteitsgebied(e) wat verbeter sal word deur die lewerbare uitset wat deur hierdie aanwyser gemeet word: ☒ Burgers se behoeftes ☐ Betroubaarheid ☐ Responsiwiteit ☐ Integriteit
	Is dit 'n vraaggedrewe aanwyser? ☒ JA ☐ NEE
	Is dit 'n gestandaardiseerde aanwyser? ☐ JA ☒ NEE

Verantwoordelik vir aanwyser	Getal liggings: ☐ Enkele ligging ☒ Verskeie liggings ☐ Provinsie ☐ Distrik ☒ Plaaslike munisipaliteit ☐ Wyk ☐ Adres Besonderhede / adres / koördinate: Verskeie leweringsliggings sal in die Jaarlikse Bedryfsplan (JBP) aangedui word. ☒ JA ☐ NEE
	Verantwoordelike bestuurder
Ruimtelike transformasie	Prioriteite van ruimtelike transformasie:
Disaggregasie van begunstigdes – menseregte-groepe	Teiken vir vroue: N.v.t. Teiken vir jeugdige: N.v.t. Teiken vir persone met gestremdhede: N.v.t. Teiken vir ouer persone: N.v.t. ☐ Nie een van die bogenoemde nie
Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP)	☒ Werksgeleenthede ☒ Veiligheid ☒ Welstand ☐ Innovasie, kultuur en oorsigbestuur ☐ Nie een van die bogenoemde nie
Ramptoeestand	☐ JA ☒ NEE
Implementeringsdata – JBP (belangrikste lewerbare uitsette gemeet)	Volgens die jaarlikse bedryfsplan

Aanwysernommer	1.3
Aanwysertitel	Getal gebruikers wat toegang tot die kultuurfasiliteite kry
Kort omskrywing	Om die benutting van die kultuurfasiliteite vir verskeie aktiwiteite uit te brei en sodoende die kliëntebasis uit te brei.
Doel	Om inwoners bloot te stel aan 'n omgewing wat nuwe waardes en waardering inspireer en tot 'n afname in maatskaplike euwels bydra.
Hoofbegunstigdes	Kinders, jeugdige, vroue, gestremde en lede van die publiek, korporatiewe en ander sektorverwante gebruikers
Databron	Besprekingsverslae – getal gebruikers van die publiek, uitgesonderd provinsiale regering
Databeperkings	Benutting van fasiliteite
Aannames	Besprekings en kliënte neem toe
Wyse van verifiëring	Databasis
Metode van berekening	Telling en aantekening
Tipe berekening	☐ Kumulatief ☐ Jaareinde ☐ Jaar tot op hede ☒ Niekumulatief
Verslagdoeningsiklus	☐ Kwartaalliks ☐ Halfjaarlik ☒ Jaarlik ☐ Tweejaarlik
Gewenste prestasie	☐ Hoër as teiken ☒ Op teiken ☐ Laer as teiken

Tipe aanwyser	Is dit 'n diensleweringaanwyser? Is dit 'n diensleweringaanwyser? ☐ NEE ☒ JA, direkte dienslewering Indien wel, bevestig die prioriteitsgebied(e) wat verbeter sal word deur die lewerbare uitset wat deur hierdie aanwyser gemeet word: ☒ Burgers se behoeftes ☐ Betrou- baarheid ☐ Responsiwiteit ☐ Integriteit
	Is dit 'n vraaggedrewe aanwyser? ☒ JA ☐ NEE
	Is dit 'n gestandaardiseerde aanwyser? ☐ JA ☒ NEE
Verantwoordelik vir aanwyser	Getal liggings: ☐ Enkele ligging ☒ Verskeie liggings ☐ Provinsie ☐ Distrik ☒ Plaaslike munisipaliteit ☐ Wyk ☐ Adres Besonderhede / adres / koördinate: Verskeie leweringliggings sal in die Jaarlikse Bedryfsplan (JBP) aangedui word. ☒ JA ☐ NEE
Verantwoordelik vir aanwyser	Verantwoordelike bestuurder
Ruimtelike transformasie	Prioriteite van ruimtelike transformasie:
Disagregasie van begunstigdes – menseregte-groepe	Teiken vir vroue: N.v.t. Teiken vir jeugdige: N.v.t. Teiken vir persone met gestremdhede: N.v.t. Teiken vir ouer persone: N.v.t. ☐ Nie een van die bogenoemde nie Die strukture (bv. NRO's, skole, ens.) wat die fasiliteite bespreek, implementeer programme vir spesifieke teikengroepe, soos hierbo vermeld.
Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP)	☐ Werks- geleenthede ☐ Veiligheid ☒ Welstand ☐ Innovasie, kultuur en oorsigbestuur ☐ Nie een van die bogenoemde nie
Ramptoestand	☐ JA ☒ NEE
Implementeringsdata – JBP (belangrikste lewerbare uitsette gemeet)	Volgens die jaarlikse bedryfsplan

BYLAES TOT DIE JAARLIKSE PRESTASIEPLAN

Bylae A: Wysigings aan die Strategiese Plan:

N.v.t.

Bylae B: Voorwaardelike toelaes

N.v.t.

Bylae C: Gekonsolideerde aanwysers

N.v.t.

Bylae D: Distrikontwikkelingsmodel

Areas van ingryping (voorbeelde)	Medium termyn (3 jaar - MTUR)					
	Ligging: GPS koördinate	Projek-beskrywing	Begrotings-toewysing	Distriks-munisipaliteit	Projek-leier	Maatskaplike vennote
Melkbos-kultuursentrum	Breedteligging: -33.736188 Lengteligging: 18.438899	Instand-houding van fasiliteite	2020/21: R 3 014m	Stad Kaapstad	Craig Johnson	Stellenbosch Munisipaliteit
Melkbos Oppiesee-kultuurfasiliteit	Breedteligging: -33.740373 Lengteligging: 18.442458		2021/22: R 3 170 m	Kaapse Wynland		Landbou-navorsingsraad
Groot Drakenstein-kultuurfasiliteit	Breedteligging: -33.833028 Lengteligging: 18.963765		2022/23: R 3 354m	Kaapse Wynland		
Bien Donne Manor House	Breedteligging: -33.833028 Lengteligging: 18.963765		2023/24: R3 337m	Weskus		
Okkie Jooste-kultuurfasiliteit	Breedteligging: -33.965293 Lengteligging: 18.925112		2024/25: R3 458			
Okkie Jooste-kultuurfasiliteit	Breedteligging: -33.965293 Lengteligging: 18.925112					
Schoemanspoort-kultuurfasiliteit	Breedteligging: -33.44226 Lengteligging: 18.2526466					



URhulumente
weNtshona Koloni



Western Cape Cultural Commission
Wes-Kaapse Kultuurkommissie
IKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni

IMicimbi yeNkcubeko neMidlalo

IsiCwangciso sokuSebenza soNyaka 2023/2024

INtetho kaSomaqhuzu

Iinjongo ezicetywayo isicwangciso zeqhinga zeKhomishini yeNkcubeko yeNtshona Koloni (WCCC) zihambelana namagunya kunye nemisebenzi njengoko kuchaziwe kuMthetho weKhomishini yeNkcubeko yeNtshona Koloni kunye namaBhunga eNkcubeko, ka1998 (uMthetho we-14 ka1998). Isebenzela ukulondoloza, ukukhuthaza nokuphuhlisa inkcubeko, injongo yeWCCC injengokucebisa uMphathiswa kwimicimbi yobugcisa neyenkcubeko eNtshona Koloni. Ngokusetyenziswa kwesicwangciso qhinga kunye nemisebenzi yayo, iWCCC isebenzela ukuphakamisa izinga lolwazi nobumbano phakathi koluntu lwenkcubeko lwephondo.

IsiCwangciso soNyaka sokuSebenza sijolise ekwandlaleni iinjongo zonyaka olandelayo ekufezekiseni ubandakanyo lwentlalo nokukhuthazwa kweyantlukwano ngomsebenzi weWCCC. I-APP yandlale ejolise kuko ekufuneka kuhlangatyezwe ukuqinisekisa ukuba iWCCC isebenza ngokubhekiselele kwiinjongo zayo nokuqinisekisa ukuba iingxowa-mali zikarhulumente zichithwa ngokulungileyo nangokufanelekileyo ukwenza impembelelo kwabo ibasebenzelayo.

Ekuzalisekiseni kweemfuno zecandelo 55(1) (d) zoMthetho woLawulo lweMali kaRhulumente, ka1999 (uMthetho woku1ka1999) kunye necandelo 28.2 leMimiselo yeSizwe yeCandelo loLawulo-mali, iWCCC ingenisa iingxelo rhoqo ngekota nangonyaka ngomsebenzi wayo kunye neengxelo eziphicothiweyo zemali ezisekwe kwiinjongo yeqhinga nekujoliswe kuko kunyaka wonyaka-mali. Njengoko iKomiti eSigxina yePalamente yePhondo isenza indima yayo yolongamelo, sijonge ekubeni iWCCC ithabathe uxanduva ngenkonzo yayo ebalulekileyo kubo bonke abayibiza njengekhaya iNtshona Koloni.

Njengoko siqhubeka ukusebenza sibhekiselele kukukhula kogoqosho nokuyilwa kwemisebenzi, umsebenzi weKhomishini yeNkcubeko yeNtshona Koloni uyaqhubeka ukuba ngobalulekileyo ekuqinisekiseni ngento yokuba siyaqhubeka nokukhulisa icandelo lobugcisa. Eli candela elizisa ithemba kuninzi yaye ndithanda ukubulela amalungu asebenza kule Khomishini ngomnikelo wawo oxabisekileyo ekukhuthazeni nasekulondolozeni ilifa lethu lemveli elingummangaliso leNtshona Koloni ngembonakalo ebandakanyayo neyahlukeneyo yobugcisa nenkcubeko.

AMaraui Sx

ANROUX MARAIS

UGunyaziwe weSigqeba weKhomishini yeNtshona Koloni

INtetho yeGosa Elongameleyo

IKhomishini yeNkcubeko yeNtshona Koloni inoxanduva lokucebeisa uMphathiswa weMicimbi yeNkcubeko neMidlalo ngokuqhubela phambili okulinganayo nokubalulekileyo kophuhliso olwahlukeneyo, ukukhuthazwa nokulondolozwa koBugcisa neNkcubeko.

Isicwangciso sonyaka sokusebenza sonyaka-mali wama-2023/24, sichaza iinjongo zeWCCC zonyaka ze sinike inkcazelo kwiinjongo zephondo. Ngokungqinelana nesikhokhelo sesicwangciso qhinga sephondo nokuqhubela phambili uhambelwano lwentlalo, iWCCC ngemisebenzi yayo kunye nengcebiso ikhuthaza unxibelelwano noluntu ngendlela ebandakanyayo, efikelekayo, nefanelekileyo. IKhomishini izibophelele ekuqhubekeni ngokwandisa kumsebenzi wonyaka ongaphambili nokuqinisekisa okokuba amathuba aququzelelwe kuye wonke umntu okokuba athabathe inxaxheba aze afumane kubugcisa nenkcubeko.

I-WCCC iya kuqhubeka ukusebenza ngokusondeleyo kunye nesebe, uluntu, kunye namasebe anxulumeneyo norhulumente ngokubhekuselele kwimicimbi ephathelele kubugcisa nenkcubeko. IKhomishini iya kunikela kwisigunyaziso sayo ze izame ukuyila amathuba amaninzi alungiselelwe uluntu okokuba lufumane ukuzola lwamaziko enkcubeko ze lunikele kuphuculo olupheleleyo lwempilo yabantu kunye neyoluntu.

I-WCCC iya kuqhuba umsebenzi wayo ngeli thuba igcine imigangatho ephezulu yoalawulo nohambelwano kuwo onke amanqanaba yaye iqinisekise ngokuba ekujoliswe kuko kuyafezekiswa.

I-WCCC iyasibulela isikhokhelo soMphathiswa kunye nesebe yaye izibophelele kukusebenza ngentsebenziswano nokwabelana ngeembono ezintsha zenguqu ukubonelel bonke abahlala eNtshona Koloni.



Quahnita Samie

USihlalo: IKhomishini yeNkcubeko yeNtshona Koloni

Egameni loGosa Elongameleyo eliNika iNtetho yeKhomishini yeNkcubeko yeNtshona Koloni

UTyikityo oluseSikweni

Ngokwenjenje kuqinisekiswa ukuba esi siCwangciso sokuSebenza soNyaka:

- Saphuhliswa ngabalawuli beKhomishini yeNkcubeko yeNtshona Koloni phantsi kwesikhokelo soMphathiswa.
- Sithathela ingqalelo yonke imigaqo-nkqubo efanelekileyo, imithetho kunye nezinye izigunyaziso apho iKhomishoni yeNkcubeko yeNtshona Koloni inoxanduva khona.
- Sibonakalisa ngokuchanekileyo iMpembelelo, iziPhumo kunye neMiphumela yenkqubo apho iKhomishini yeNkcubeko yeNtshona Koloni iya kuzamela ukuyifezekisa kwisithuba sonyaka-mali wama-2022/23.

Brenda Rutgers:
IGosa eliyiNtloko leMali



Quahnita Samie
USihlalo: WCCC



Guy Redman:
IGosa eliNika iNgxelo: DCAS



Yamkelwe ngu:
Anroux Marais:
UGunyaziwe weSigqeba weWCCC



Okuqulathiweyo

